*Woensdag* **2 Julie**

**Skrifgedeelte: Genesis 1**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:31**

**Ons planeet verstom!**

Gister het ons iets van God Drie-Enig se almag ontdek in die grootse heelal – die miljoene sterrestelsels en planete wat ons verstand te bowe gaan. Maar ook hoe meer ons ons eie planeet ontdek, hoe meer staan ons verstom! Want elke voëltjie en insek met die fynste detail en mooiste kleure vertel van God Drie-Enig se almag. Elke blom en elke blaartjie en elke bos sing ’n loflied oor die grootheid van ons God! Elke koraalrif, elke visspesie met die interessantste vorms en kleure, en ook elke soogdier wat die oseane deurkruis, getuig van die kreatiwiteit van ons Skepper!

En hoe meer ons mensies verstaan van ekosisteme, en hoe intelligent en kreatief elke ekosisteem ontwerp en gemaak is, en hoe elke deeltjie daarvan ’n noodsaaklike rol speel, hoe meer staan ons verstom oor ons groot Skepper wat dit alles in sy almag so kunstig gemaak het!

En wat nog meer is: Ons almagtige Skepper het dit nie net alles gemaak en so gelos nie, maar Hy is tot vandag toe en tot in ewigheid by sy skepping betrokke! Tot vandag toe sorg God vir sy skepping en regeer Hy oor sy skepping, dat niks in die heelal toevallig gebeur nie, ook nie op ons planeet aarde nie! Ons Here sorg só vir alles, en Hy is só in beheer van alles dat daar nie eers ’n mossie op die grond sal val as dit nie sy wil is nie, ja nie eens ’n haar van een van ons se koppe nie.

Daarom is dit goed om van tyd tot tyd in die skepping te kom en stil te word en mooi te kyk en fyn te luister. Die almag van ons Here wat orals wys, sal jou laat jubel!

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)*